

HOOFSTUK 1

ORIËTERING

1.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word eerstens gekyk na die probleem wat aanleiding tot die navorsing gegee het. Daarna word die doel van die navorsing en metodes van navorsing om hierdie doel te bereik, bespreek. Ten slotte word die program van navorsing bespreek.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Uitbranding, 'n negatiewe intrapsigiese ervaring wat lei tot negatiewe gevoelens teenoor mense met wie die individu werk, kom in die hedendaagse en snelveranderende Westerse samelewing toenemend onder onderwysers, skoolhoofde, kindersynwerkers, verpleegsters en predikante voor (Paine, 1982a:7 & Doohan, 1982:352). Alhoewel uitbranding sedert die bewuswording daarvan met die diensprofessies geassosieer is (vergelyk Zastrow, 1984:141; Etzion, 1984:615; Spicuzza & De Voe, 1982:95; Helliwell, 1981:25) beweer Paine (1982a:7) dat geen profesie immuun daarteen is nie, veral as die werk stresvol is. Uitbranding kom dus op alle terreine voor waar individue met mense te doen het en dus ook in die onderwys (Harvey & Taylor, 1983:24). Die probleem is egter dat daar onder navorsers 'n gebrek aan eenstemmigheid oor die begrip uitbranding is (Maslach, 1982b:29; Einsiedel & Tully, 1982:91 en Kahill, 1988:292).

In die mensgeoriënteerde professies is dit veral die bestuurders (i.c. skoolhoofde)

wat as gevolg van voortdurende druk deur kliënte en werknemers aan uitbranding blootgestel is (Etzion, 1984:615-616). In geen ander professie is daar iemand wat so blootgestel is aan 'n groot verskeidenheid uiteenlopende persoonlikhede en groepe (byvoorbeeld onderwysers, ouers, leerlinge, publiek) as die skoolhoof nie. Die skoolhoof se pos is ook 'n geïsoleerde pos met lang werkure en baie roetine-take. Voorts is dit 'n pos wat aan 'n organisasie-struktuur gekoppel is wat die skoolhoof nie beskerm nie (Welch, Medeiros & Tate, 1982:41-42). Die gevolg van die voorgenoemde faktore is volgens Daresh (1986:27), dat die skoolhoof nie altyd optimaal presteer nie en 'n negatiewe impak op die hele organisasie kan uitoefen.

Uitbranding gaan gepaard met geweldige uitgawes op talle terreine. Volgens Paine (1982a:8) is van die kostes wat uitbranding voortbring, die volgende: 'n afname in die kwaliteit dienste gelewer, toenemende personeelwisseling; afwesigheid van die wêrk; 'n toename in ongelukke en oormatige siekteverlof. Daarbenewens het uitbranding 'n teenproduktiewe effek omdat dit tot alkoholmisbruik, diefstal en aggressie aanleiding gee (Jones, 1982b:127). Die impak van uitbranding op die kwaliteit van onderwys is dus baie ernstig (Gold, 1984-1985:254).

Omdat uitbranding hoë onkoste meebring vir die organisasie, is dit belangrik dat stappe ter voorkoming daarvan aandag geniet. Die voorkoming van uitbranding word egter nie deur alle instansies en persone na waarde geskat nie (Ryerson & Marks, 1982:151; vgl. Pines & Kafry, 1982:140). Volgens Ryerson en Marks

(1982:152) is dit veral die diensberoepe wat stadig reageer op die voorkoming en hantering van uitbranding. Dit is dus belangrik dat metodes gevind moet word om te verseker dat stres in die werk nie 'n disfunksionele effek op skoolhoofskap in die vorm van uitbranding het nie.

Uit die voorgaande beredenering blyk die probleem van hierdie navorsing te wentel rondom die volgende vrae:

- * Wat is die wesenwoord van uitbranding?
- * Wat is die aanleidende en oorsaaklike faktore, die simptome en gevolge van uitbranding soos begrond in die werkomgewing, die individu en die totale sosiale omgewing?
- * Watter metodes bestaan daar waarvolgens skoolhoofde uitbranding in die skoolbestuursituasie kan identifiseer, voorkom en/of hanteer?
- * Wat is die voorkoms van uitbranding onder hoofde van primêre en sekondêre skole?
- * Watter riglyne kan neergelê word aan die hand waarvan skoolhoofde uitbranding kan voorkom en/of hanteer?

1.3 DOEL MET DIE NAVORSING

In hierdie navorsing sal gepoog word om:

- * na aanleiding van kontemporêre teorieë en empiriese bevindinge vas te stel wat die wesenwoord van uitbranding is;
- * te bepaal wat die aanleidende en oorsaaklike faktore, simptome en gevolge van uitbranding is;
- * metodes na te vors waarvolgens skoolhoofde uitbranding kan identifiseer, voorkom en/of hanteer;
- * die voorkoms van uitbranding onder hoofde van primêre en sekondêre skole te bepaal;
- * riglyne neer te lê aan die hand waarvan skoolhoofde uitbranding kan identifiseer, voorkom en/of hanteer.

1.4 METODE VAN NAVORSING

1.4.1 Literatuurstudie

Primêre en sekondêre bronne sal gebruik word om te bepaal wat die wesenwoord van uitbranding is, watter faktore tot uitbranding aanleiding gee, wat die simptome en gevolge van uitbranding is en hoe uitbranding geïdentifiseer, voorkom en hanteer kan word.

1.4.2 **Empiriese ondersoek**

1.4.2.1 **Meetinstrument**

Die "Maslach Burnout Inventory" (MBI) sal gebruik word om die voorkoms van uitbranding by hoofde te meet. Ander items van uitbranding wat uit die literatuur geïdentifiseer is, sal by die vraelys ingesluit word om die verband daarvan met die MBI te bepaal.

1.4.2.2 **Loodsondersoek**

Die vraelys sal aan sewe skoolhoofde (verteenwoordigend van verskillende soorte skole) in Vanderbijlpark gestuur word ten einde te bepaal of al die vrae duidelik en verstaanbaar is en om onduidelike of dubbelsinnige vrae te identifiseer. Hierna sal die vraelys gefinaliseer word vir voorlegging aan die Uitvoerende Direkteur van Onderwys vir goedkeuring.

1.4.2.3 **Teikenpopulasie**

Die teikenpopulasie is al die hoofde van primêre en sekondêre skole in Transvaal (N=758).

1.4.2.4 **Stratifikasie**

Daar sal gestratifiseer word volgens Afrikaans- en Engelsmedium skole en verder tussen gekompliseerde hoërskole (GS), sekondêre skole (SI en SII) en primêre skole (PI en PII).

1.4.2.5 **Steekproef**

Die steekproef vir hierdie ondersoek sal volgens sistematiese steekproefneming

so geselekteer word dat daar n minimum van dertig skoolhoofde vir elke soort skool is. Die steekproef (n=400) maak 52,7% uit van die totale populasie (N=758).

1.4.2.6 Statistiese tegniek

Die data sal met behulp van die "Business Management Data Processing"-pakket en die "Statistical Analysis Software"-pakket verwerk word op die hoofrekenaar van die PU vir CHO (Vaaldriehoekskampus). Daar sal deurlopend gebruik gemaak word van die hulp van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO. Die statistiese tegnieke is:

- * Frekwensieverspreidings ten einde n beskrywing te gee van die biografiese (persoonlike) gegewens oor skoolhoofde en die demografiese gegewens van skole waaraan die skoolhoofde verbonde is.
- * Frekwensieverspreidings van die grade van uitbranding; Chi-kwadraattoetse tussen frekwensie en intensiteit te bereken; en die korrelasiekoëffisiënt tussen frekwensie- en intensiteitellings te bereken ten einde die MBI-vraelys te interpreteer.
- * Alphakoëffisiënt van Chronbach om die interne konsekwentheid van die vraelys te bepaal.
- * Chi-kwadraattoetse om die verband tussen die MBI en vroe 23 tot 47 van die vraelys te bepaal.
- * Chi-kwadraattoetse en kruistabulerings om die verband tussen die MBI en die biografiese gegewens van skoolhoofde en demografiese gegewens

oor die tipe skole te bepaal.

1.4.3 Program van navorsing

Hoofstuk 1 word gewy aan die probleme van uitbranding wat ook as motivering dien vir die doel van hierdie navorsing. Die terrein van die ondersoek word afgebaken en die metode van navorsing word kortliks beskryf.

Hoofstuk 2 bestaan uit 'n literatuurstudie wat as basis dien vir 'n begripmatige formulering van die wesenwoord van die term uitbranding. Die basiese komponente van uitbranding word terselfdertyd onderskei aan die hand van definisies oor uitbranding, aanverwante begrippe, eienskappe en modelle van uitbranding.

In hoofstuk 3 word die verskillende oorsake, simptome en gevolge van uitbranding aan die hand van literatuur oor uitbranding beskryf. Die oorsake, simptome en gevolge van uitbranding dien ook as basis vir die bespreking van die identifisering, voorkoming en hantering van uitbranding in hoofstuk 4.

Metodes waarvolgens skoolhoofde uitbranding kan identifiseer, voorkom en/of hanteer word in hoofstuk 4 bespreek. Daar word besin oor hanteringsmeganismes vir uitbranding na aanleiding van hanteringsmodelle uit die navorsingsliteratuur.

Die navorsingsontwerp word in hoofstuk 5 bespreek met besondere verwysing na die meetinstrument (MBI) wat as basis aangewend word die samestelling van die vraelys.

In hoofstuk 6 word al die data wat deur middel van die vraelys versamel is, geïnterpreteer om die voorkoms van uitbranding by skoolhoofde in Transvaal te bepaal.

In hoofstuk 7 word die vernaamste bevindings wat uit die ondersoek gespruit het, weergegee, waarna aanbevelings gemaak word aan die hand waarvan skoolhoofde uitbranding kan identifiseer, voorkom en/of hanteer.

1.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die probleem wat aanleiding gegee het tot hierdie ondersoek, geïdentifiseer en beskryf. Daarna is sekere probleemvrae geformuleer en die doel met die ondersoek daaruit afgelei. Die metode van navorsing is vervolgens bespreek. Ten slotte is die program van navorsing beskryf.

Vervolgens word daar in hoofstuk 2 ondersoek ingestel na die wesensaard van uitbranding.